Tsjip

'Toe ek nog nie lees nie of toe ek nog skaars kon lees, het my moeder dikwels vir ons uit die klassieke gelees. Uit *Don Quichotte*, *Pilgrim's Progress* van Bunyan, Dickens, Kingsley se *Water Babies* ... En Mammie het natuurlik vir ons talle pragtige verhale uit die Bybel gelees. Die Statebybel natuurlik, want ek was tien jaar oud toe ons in 1920 te Stellenbosch vereenvoudigde Hollands verruil het vir Afrikaans. My moeder was verantwoordelik vir al ses van haar kinders se liefde vir die letterkunde'.

Uys Krige

'Wat was natuurliker dan dat die nuuskierigheid van 'n kind, net soos diè van Eva onder die paradyselike appelboom, die verbode geheim van daardie bowenste tak as 'n gedurige prikkel sou beskou? Dit was nie maklik om aan my nuuskierigheid te voldoen nie, want 'n knaende gewete het altyd gewaarsku teen ongehoorsaamheid, maar op die ou end het die kinderlike duiwel die oorhand gekry: ek het op die leertjie geklim en een van die onbehoorlike boeke vir insage afgeneem. Dit was die eerste wat my hand teengekom het, en ek dink ek het dit gekies omdat die formaat en dikte so min of meer 'n leerboek wat Vader vir sy mediese studie gebruik het, Frank se *Chirurgie*, met ietwat ouerwetse houtsnee-illustrasies van dinge en gebeurtenisse waarvan ek in my ergste nagmerrie nooit gedroom het nie'.

Louis Leipoldt

Uit: Hennie Aucamp, *'n Boekreis Ver*. Tafelberg-Uitgewers. Kaapstad 1992